

16 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 9:1-9
FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 9:4-7**

Is die vraagstuk oor seën en straf so eenvoudig?

Hierdie gedeelte val duidelik in twee gedeeltes uiteen. Deel 1, die beloftes van seën van die Here, is vers 1 tot 5, en deel 2, die dreigemente van straf en oordeel, is vers 6 tot 9. Dit wat gaan bepaal of Salomo en die volk die Here se seën gaan ontvang en of die Here sy dreigemente gaan uitvoer, is – in aansluiting by gister se stukkie – weer die dien van die Here alleen. Hier staan duidelik in vers 4 en 5 dat, as Salomo die Here soos Dawid dien, Hy hom sal seën. Netso, as hy ongehoorsaam aan die Here is en ander afgode begin dien, sal die Here hom straf. Tot dusver is dit vir ons maklik om te verstaan dat hierdie situasie ook op ons van toepassing is.

Hierdie saak is egter nie so eenvoudig nie. Ons stuit steeds voor die vraag: Waarom word opregte kinders van die Here ook beproef en waarom gaan dit baie goed met heidene? As ons gehoorsaamheid en seën aan die een kant verabsoluteer en so ook ongehoorsaamheid en straf aan die ander kant, kan ons maklik by 'n voorspoedsteologie uitkom. Dit hou in dat hoe gehoorsamer jy is, hoe beter sal dit met jou gaan. Die gevaar hieraan is weer werkheiligheid. Hiermee word bedoel dat as ek harder werk vir die Here, Hy my sal seën en so is my kans op die hemel beter.

Waarom moet ons dus aan die Here gehoorsaam wees en Hom alleen dien? Omdat ons dankbaar is dat Hy ons uit genade klaar geseën het. Ons is dankbaar dat Jesus ons klaar verlos het en dat ons daarom Hom alleen gehoorsaam sal dien en alle dinge, goed en sleg, uit sy hand kan ontvang.

Sing: Psalm 104:14, 20, 21

Ds Louis Buys (Rustenburg-Wes)